*P.C. Potgieter*

# ANDER WEË TOT GOD? CALVYN OOR NIE-CHRISTELIKE GODSDIENSTE


## ABSTRACT

## OTHER WAYS TO GOD? CALVIN ON NON-CHRISTIAN RELIGIONS

Religious freedom is currently guaranteed by constitution in many countries. At the same time it has become a popular notion that no religion should claim to be the only true way to knowledge of God. In the sixteenth century Christianity was far less tolerant of aberrations and false religion. This study explores John Calvin's views on the religion of Gentiles (paganism), Turks (Islam), and Jews (Judaism). Calvin refers to these religions not only in the consecutive editions of his *Institutes*, but also in a number of other writings. He asserts the uniqueness of Christ as the only Mediator and Redeemer for mankind on his unconditional acceptance of Holy Scriptures as the Word of God. As God created man in his own image with a distinct *sensus divinitatis*, the offer of true knowledge of God remains open to anyone.


Godsdiensvryheid word in baie lande van die wêreld deur die grondwet gewaarborg. Dit word gevolglik byna universeel as inherente deel van mense-regte beskou. Vir baie is die implikasie hiervan dat geen godsdiens daarop mag aanspraak maak om die enigste weg tot ware kennis van God en tot die ewige lewe te wees nie. Die gedagte aan 'n onderskeid tussen ware en valse godsdienste is selfs vir sekere teoloë van naam verwerplik. Hulle oordeel dat proselitisme en sendingwerk onder aanhangers van tradisionele godsdienste onbehoorlik en aanstootlik is, en daarom heeltemal onaanvaarbaar.

Die vraag word dus gestel of dit nie noodsaaklik is dat 'n behoorlike "teologie van godsdienste" tans ontwikkel behoort te word nie. Du Preez sien dit as essensieel, onder andere as gevolg van 'n beter kennis van en eerbied vir nie-Christelike gelowe in Westerse lande, die besef dat godsdienstige pluralisme 'n realiteit is, die bedenkinge wat soms deur mense uit die Derde Wêreld teenoor die Christendom gekoester word, die relatiewe agteruitgang

*Prof. P. C. Potgieter, Navorsingsgenoot, Departement Dogmatologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300.*

van die Christendom in Europa, 'n nuwe belangstelling in Oosterse mistisisme onder talle jongmense, en die vraag of die kerk inderdaad sy sendingwerk onder mense van ander godsdienste moet voortsit (Du Preez 1983:129). Die kwessie van ander godsdienste is dus tans vierkantig op die agenda van teologiese besinning. In dié verband kan die beskouings van Johannes Calvyn waardevol en rigtinggewend wees.

## 1. WAT IS WAAR EN WAT IS VALS?

Die godsdiensvervolgings van die sestiende eeu kan tot 'n groot mate gewyt word aan die onversetlike onderskeiding tussen ware en valse godsdiens. Wat vir sommige die waarheid was, is deur ander beskou as vals en misleidend. Dit was die tydperk van die berugte Roomse Inkwisisie, maar ook onder Protestante is diegene wat as ketters gesien is, meermale wreed gestraf.

Vir Calvyn het dit in sy polemiese uitsprake hoofsaaklik gegaan om die reformasie van die kerk teenoor die dwaling en valse rigting van die Rooms-Katolieke Kerk — en in 'n mindere mate teenoor die Anabaptiste. Dit was vir hom, trouens, so belangrik dat hy oortuig was dat enige vertraging in die proses van hervorming vir die kerk fataal kon wees (Van der Munnik 1937:13). Daarom is dit begryplik dat spesifieke verwysings na nie-Christelike godsdienste slegs sporadies in sy werke voorkom. Die grootste bedreiging vir die ware godsdiens was vir hom die pousdom (*papatus*). Alhoewel hy deeglik bewus was daarvan dat Rome in beginsel grootliks verskil het van die godsdiens van "Jode, Turke en Sarasene", het hy dit as valse kerk gesien en die pous as die Antichris[1] (De Vries 1959:35). Hy gaan selfs so ver om te sê dat die aanbiddingsgeleenthede van 'n kerk wat so ver van die ware bediening van die Woord van God afgedwaal het, geensins verskil van die samekomste van die Turke nie (*Inst*. 4.2.10).

Calvyn se vernaamste polemiese oogmerk was dus om die dwalinge van die Rooms-Katolieke Kerk (die pousdom) aan die kaak te stel. Daar is egter 'n aantal verwysings na ander godsdienste en ook na die heidendom in sy werke. Dit was klaarblyklik sy bedoeling — en ook sy verantwoordelikheid ter wille van die eer van God — om duidelik te onderskei tussen ware en valse godsdiens. Hy aarsel ook nie om dit blatant te stel nie. In sy preek oor Galasiërs 3:1-3 sê hy: "Kyk, die Turke glo dat hulle die God wat hemel en aarde gemaak het, dien, maar omdat hulle weier om die Here Jesus Christus te erken, het hulle net 'n afgod" (*ils n'ont qu'une idole*, Calvyn: Preke: Gal. 3:1-3; *CO* L, 460).

1 Calvyn grond die onderskeid klaarblyklik op sy siening van die verbond.

Hy het hierdie kwessie in verskeie van sy werke aangeraak. 'n Tipiese voorbeeld is in die *Instruction et confession de foy*. Hierdie kategismus in Frans het verskyn in 1537 of vroeg in 1538 vir gebruik in die kerk van Genéve. Alhoewel dit nêrens in die dokument self direk gestel word nie, kan daar met Karl Barth saamgestem word dat interne en eksterne getuienis ons in geen twyfel laat nie dat dit deur Calvyn en net deur Calvyn opgestel is (Barth 1995:272).[2] In artikel 2.41 behandel hy die verskil tussen ware en valse godsdiens, en stel hy duidelik dat ware vroomheid — anders as wat baie dink — nie in vrees vir God geleë is nie. In godsdiens lei vrees tot die idee van 'n eie god terwyl ware vroomheid die kennis van God in Homself vind soos Hy Hom as ons Here en Vader in Christus openbaar (vgl. Artikel 27. In: *OS* I, 393).

Calvyn het elke gedagte aan selfgemaakte godsdiens radikaal verwerp:

> En ook ydelheid tesame met hooghartigheid word daarin openbaar dat die mens in sy ellende in sy soeke na God nie bo homself kan uitstyg soos dit hom betaam nie, maar dat hy homself na die maat van sy eie vleeslike stompsinnigheid meet. Omdat hy deeglike ondersoek daarna in die wind slaan, neem hy nuuskierig sy toevlug tot ydele bespiegeling (*ad vanas speculationes curiose transvolant*). Gevolglik begryp die mens Hom nie soos wat Hy Homself aan hulle voorhou nie, maar hulle verbeel hulle dat Hy is soos wat hulle Hom in hulle onbesonnenheid versin het (*Inst*. 1.4.1; *OS* III, 41).

Selfs diegene wat die ware godsdiens vervals, verwyder hulleself van die een en enigste God. En dit sal beslis gebeur, sê Calvyn, as elkeen sy eie siening daaroor het (*Inst*. 1.5.13).

Die hervormer vereenselwig hom met Augustinus se siening dat

> [A]lmal wat van die godsdiens van die enige God vervreemd is nie alleen geen beloning nie maar veel meer straf verdien, al sou hulle ook vanweë die indruk van deugsaamheid hoog geag word. Hulle verontreinig trouens die suiwer seëninge van God met die besoedeling van hulle hart (*Inst*. 3.14.3).

Die wat geen deel aan Christus het nie, jaag hulle lewe lank na hulle eie ondergang en na die oordeel van die ewige dood. Calvyn hou van die manier waarop Augustinus dit gestel het: Hoe harder iemand ver van die regte pad af hardloop, hoe verder dwaal hy van sy doelwit af weg en hoe ongelukkiger word hy. "Daarom verklaar hy dat dit beter is om hink-en-pink op die regte pad te loop as om ver van die regte pad af te hardloop" (*Inst*. 3.14.4).

2 Teks in *CR* 22, 33ff. (Latyn in *CR* 5, 323ff.)

Calvyn sou onder geen omstandighede toegegee het aan die beskouings van sekere bekende teoloë van ons dag wat 'n anonieme of latente Christendom voorstaan, as sou dit teenwoordig kon wees in die aanhangers van nie-Christelike gelowe.

## 2. DIE OORSPRONG VAN GODSDIENS

In sy geskrifte verwys Calvyn meermale na 'n gevoel vir die Goddelike (*sensus divinitatis*) as essensiële deel van die mens se geskapenheid, wat hy die saad van die godsdiens (*semen religionis*) noem. Daarom sien hy dit as eie aan menswees om godsdiens te hê:

> Ons stel dit as 'n onteenseglike feit dat daar 'n bepaalde bewussyn van die godheid in die mens se verstand aanwesig is, en dit dan deur 'n natuurlike instink. Om te verhoed dat enigiemand sy toevlug tot 'n voorwendsel van onkunde sou neem, het God self by alle mense 'n bepaalde begrip van sy Goddelike mag ingeskerp[3] (*Inst*. 1.3.1).
>
> Ons kan by ervaring daarvan getuig dat die saad van die godsdiens van Godsweë by alle mense gesaai is[4] (*Inst*. 1.4.1).

In sy verklaring van Johannes 1 skryf Calvyn dat daar ten spyte van ons verdorwe natuur nog twee belangrike aspekte van die lig oorgebly het, eerstens die saad van godsdiens wat in alle mense ingeplant is, en vervolgens die onderskeidingsvermoë tussen goed en kwaad wat in hulle gewetens ingegraveer is (Comm. John. 1:5).[5]

In sy kommentaar op Romeine 1 bring Calvyn die idee van 'n *sensus divinitatis* in verband met God se algemene openbaring. Al is God onsigbaar, skitter sy majesteit in sy werke en in die mens as sy skepsel so duidelik dat sy Goddelikheid aan ons bekend word. En tog is daar 'n verskil wat ons nie uit die oog moet verloor nie. Met betrekking tot die lig self is die manifestasie waardeur God sy heerlikheid in sy skepping bekendstel, duidelik genoeg, maar as gevolg van ons verblindheid blyk dit weer nie genoegsaam te wees nie (Comm. Rom. 1:20). Deur die hele kosmos het God aan ons duidelike bewyse

3 "Quendam inesse humanae menti, et quidem naturali instinctu, divinitatis sensum, extra controversiam ponimus: siquidem, nequis ad ignorantiae praetextum confugeret, quandam sui numinis intelligentiam universis Deus ipse indidit" (*OS* III, 37).

4 "Sicut autem omnibus inditum esse divinitatus religionis semen experientia testatur" (*OS* III, 40).

5 Verwysing na Calvyn se kommentare op die Bybel word aangedui met *Comm*. Afgesien van die primêre bron (*CO*), is die kommentare wat digitaal beskikbaar is op CD by Ages Software geraadpleeg.

van sy ewige wysheid, sy goedheid en mag gegee, en al is Hy self onsigbaar, word Hy tog op 'n manier vir ons sigbaar in sy werke. Dit is dus heeltemal reg dat hierdie wêreld 'n spieël van sy Goddelikheid genoem word; nie dat daar genoegsame duidelikheid vir ons is om volle kennis van God te bekom deur na die wêreld te kyk nie, maar in die sin dat Hy Hom in dié mate geopenbaar het dat die onwetendheid van die goddelose sonder verskoning is. Gelowiges sien egter as't ware die vonkies van God se heerlikheid glinster in elke geskape ding omdat Hy hulle oë daarvoor geopen het. Die wêreld is sonder enige twyfel gemaak sodat dit die skouburg van die Goddelike heerlikheid kan wees (Comm. Hebr. 11:3). So, aldus Calvyn, begryp ons dat daar 'n Godheid is; en dan lei ons daaruit af dat Hy aanbid moet word, wie Hy ookal is. Dit is egter presies op hierdie punt waar ons verstand ontoereikend is, want dit kan nie vasstel wie God is of wat sy aard is nie (Comm. Rom. 1:20).

Dit het vir Calvyn absoluut vas gestaan dat God se openbaring van ware kennis van Homself — en daarom ook van die ware godsdiens — uitsluitlik eie is aan die Christelike geloof. Die rede is voor die hand liggend: net die Heilige Skrif alleen het normatiewe gesag in dié opsig. Daarom kon Walter Kreck sê dat die Ou en Nuwe Testament vir Calvyn niks minder was nie as die Woord van God self; dit is in hierdie Skrifte dat "die Stimme des lebendigen Gottes selbst erklingt" (Kreck 1959:27).

Volgens Calvyn is die *semen religionis* onvervreembaar van die hele mensdom. Daarom sal die algemene openbaring sonder die korreksie van God se besondere openbaring wel tot godsdiens lei, maar nooit tot die ware godsdiens waardeur God werklik geken en gedien kan word nie.[6]

## 3. HEIDENSE GODSDIENS[7]

In 'n preek oor Galasiërs 4:8-11 verduidelik Calvyn die oorsprong van heidense godsdienste: So sien ons waaruit afgodery ontstaan, en wat die bron daarvan is, naamlik die begeerte om kennis van die lewende God te hê. Ons het immers vanself die gevoel in ons dat daar 'n God is wat ons behoort te aanbid en

6 Du Preez stel dit so:

> [O]mdat die ontiese en noëtiese aspekte van hierdie (algemene) openbaring weens die sondigheid van die mens nie met mekaar korreleer nie, kan daar van ware godsdiens deur middel van hierdie openbaring nie meer sprake wees nie (Du Preez 1983:133).

Hy is inderdaad volkome korrek as hy sê dat Calvyn se siening op God se algemene openbaring beswaarlik oorbeklemtoon kan word in die ontwikkeling van 'n deeglike teologie van godsdienste (Du Preez 1982:132; cf. Bavinck 1949:117).

wat waardig is om deur groot en klein vereer te word, omdat ons ons lewe uit Hom het. Ons denke kan nie so skoongevee word dat daar nie tog nog 'n vonkie van godsdiens in ons oorbly nie. Maar intussen dwaal elke mens weg in sy eie dwase idees omdat ons nie kan verstaan wat God is of tot Hom kan kom nie. Ja, as ons nie verdorwe was en ons verstand verduister was deur sonde nie, sou God ons nog na Hom toe getrek het. Totdat God Homself aan ons openbaar, is dit egter onmoontlik dat ons enige ware godsdiens sal hê, en sal ons gedurig gelei word deur misbruike en blote dwaashede. Dit is presies daarin dat mense misluk, omdat hulle die leuens van Satan soek in plaas van die waarheid, en afgode dien in plaas van die lewende God — totdat God hulle tot Hom roep. Want heidenmense bring ook offerandes, en sommige het ook nie afgode nie sodat hulle dink dat hulle offers aan God, die Skepper van hemel en aarde gebring het. En tog dien al hulle offerandes maar net tot hulle oordeel. Hulle het die orde van God omvergewerp omdat hulle nie gerig was op ons Here Jesus Christus nie (Calvin 1998a:374).

Mense mag dink dat hulle die Allerhoogste aanbid, maar omdat hulle Christus nie as hulle Middelaar en Hoof het nie, het hulle maar net 'n verganklike kennis van God (*evanida fuit apud eos Dei cognitio*, *OS* III, 326). Hulle smaak nie waarlik sy genade nie en ken Hom nie as hulle Vader nie. "Daarom het dit gebeur dat hulle uiteindelik in growwe afstootlike bygelowe verval het en hulle onkunde geopenbaar het" (*Inst*. 2.6.4).

Die probleem met die wat Christus nie ken nie, sê Calvyn, is dat hulle dink dat enige ywer vir godsdiens, hoe verkeerd dit ookal mag wees, genoegsaam is. Maar hulle besef nie dat die ware godsdiens na die wil van God, soos na 'n ewige maatstaf, gevorm behoort te word nie[8] (*Inst*. 1.4.3):

> Eindelik verstrengel hulle hulle in so 'n groot massa dwalings dat 'n duisternis van boosheid die vonkies wat opflikker om die heerlikheid van God waar te neem, versmoor en uiteindelik uitdoof. Tog bly daar by hulle die saad agter wat glad nie van die wortel losgeskeur kan word

7 Calvyn gebruik veral die terme *homo ethnicus* en *gentes* in hierdie verband. Die Latynse *paganitas* kom net in Boek IV van die *Institusie* voor (4.10.24 en 4.19.31). In Afrikaanse vertalings van sy werke word al hierdie terme normaalweg as *heiden(e)/heidendom* weergegee; in Engelse vertalings as *pagans/paganism*. In hedendaagse gebruik sou daar waarskynlik eerder na *aanhangers van tradisionele godsdienste* verwys word. In hierdie artikel word daar van die gangbare vertaling ("heiden") gebruik gemaak, d.w.s iemand wat 'n ander as die ware God aanbid (*HAT*: heiden 3), wat klaarblyklik Calvyn se bedoeling was.

8 "... putant enim studium qualecunque religionis, quanlibet praeposterum, satis esse: sed non animadvertunt, veram religionem ad Dei nutum, ceu ad perpetuam regulam, debere conformari" (*OS* III, 42).

> nie, naamlik dat daar tog 'n godheid bestaan, maar dit is so bedorwe dat dit uit homself niks anders as die slegste vrugte kan voortbring nie[9] (*Inst*. 1.4.4).

Geen wonder dan dat die hervormer tot die gevolgtrekking kom dat die mens se natuur as't ware 'n deurlopende vervaardiger van afgode is nie (… *hominis ingenium perpetuam, ut ita loquar, esse idolorum fabricam*, *OS* III, 96).

## 4. JUDAÏSME

Calvyn se benadering tot Jode en Judaïsme in sy *Ad quaestiones et obiecta iudaei cuiusdam* (*CO* IX, 653ff.) skep die indruk van verwerping en ook 'n gebrek aan enige simpatie (Cf. De le Roi 1884-92). Daar is egter oor die algemeen gesproke genoegsame getuienis van 'n gematigde houding — veral in sy Bybelkommentare.[10] Corvoisier wys tereg daarop dat, alhoewel sy uitsprake oor die Jode dikwels baie krities en selfs sarkasties is, sy bedoeling eerder is om die Joodse verwerping van Christus aan te val en nie die historiese Jood as sodanig nie — iemand wat dikwels swaar onder verdrukking gely het (Corvoisier 1946:205). Daar is egter gedeeltes waarin hy nie terugdeins van 'n besonder negatiewe houding nie. In sy elfde lesing oor die Profesie van Daniël sê hy byvoorbeeld:

> Ek het dikwels gesprekke met baie Jode gehad en ek het nooit 'n druppeltjie vroomheid of 'n greintjie van die waarheid of eerlikheid gesien nie; nee, ek het nog nooit gesonde verstand by enige Jood gevind nie[11] (Comm. Dan. 2:44-45; *CO* XL, 605).

Maar selfs waar Calvyn geen twyfel laat oor die ernstige gevolge van 'n verwerping van Christus nie, bly daar ook vir die Jood 'n geopende deur tot saligheid deur bekering tot Christus (kyk Visser 1963; Locher 1967). Daar moet egter in gedagte gehou word — soos Laver trouens aan die hand doen — dat Calvyn hom in die eerste plek tot mede-Christene gerig het, en nie tot die Jode nie. Die vrae waarmee hy hom besig gehou het, was rondom die aard van die Skrif en die kerk, en nie die Joodse geloof of die verhouding tussen die sinagoge en die kerk nie. "It is in answering *these* interlocutors on *these* issues that Calvin refers to Jews, by and large" (Laver 1987:35).

---

9 "Manet tamen semen illud quod revelli a radice nullo modo potest, aliquam esse divinitatem: sed ipsum adeo corruptum, ut non nisi pessimos ex se fructos producat" (*OS* III, 44).

10 Vgl. ook *Inst*. 4.16.14 en Calvyn se kommentaar op Romeine 9-11.

11 Historici kon nog nie vasstel na watter gesprekke Calvyn hier verwys nie. (Vgl. Laver 1987:36.)

## 5. TURKE EN SARASENE

Afgesien van “heidense” godsdienste en die Judaïsme, verwys Calvyn na net een ander nie-Christelike geloof, naamlik dié van die Turke en Sarasene — bedoelende Islam. Hy laat geen twyfel daaroor dat dit vir hom geensins ’n alternatiewe weg tot kennis van die een en enigste God is nie. Sy verwysing na die godsdiens van die Turke en Sarasene is egter maar sporadies. Hy vermeld wel in talle van sy werke die Turke, maar dan met ’n politieke, eerder as met ’n godsdienstige konnotasie. In sy briewe bespreek hy byvoorbeeld dikwels die bedreiging wat die Turkse invallers vir Wes-Europa inhou. Die Turkse invalle het, terloops, wel ’n gevolg vir die Christendom gehad — klein soos dit mag wees. In Genéve het daar kort ná die tyd van Calvyn ’n klein groepie bekeerde Turke gewoon, na wie Monter verwys as “Calvinists in turbans” (Monter 1967:443).[12]

In 1937 het daar ’n interessante publikasie van Jacques Pannier verskyn oor navorsing wat hy oor Calvyn en die Turke gedoen het. Hy vind dit jammer dat Calvyn nie die leringe van Mohammed deegliker bestudeer het nie terwyl hy tog die Latynse vertaling van die Koran, met kommentare, tot sy beskikking gehad het[13] (Pannier 1937:285). Dit sou besonder interessant gewees het om sy mening te hoor oor die Mohammedanisme (*mahométisme*), en hoe hy sou onderskei tussen die predestinasie wat hyself geleer het en die fatalisme van die Koran, asook die verskil tussen die Christene se genadige God en Allah. Calvyn het egter groter aandag gegee aan die Turkse inval in Europa as aan die skadelike invloed (*l’influence corruptrice*) wat sekere idees in die Koran op die denke van Christene (“*sur l'esprit des chretiéns*”) gehad het (Pannier 1937:285).

In die eerste uitgawe van Calvyn se *Institusie* (1536) is daar ’n baie spesifieke verwysing na die godsdiens van die Turke en die Sarasene:

12 “Geneva received her Turks as a by-product of her spectacular capture of the Savoyard fort at Versoix on November 7, 1589.” Hulle is as slawe-arbeiders na Genéve gebring om op die galeie te werk. In die jare 1590 en 1591 is ten minste ses van hulle gedoop ná behoorlike ondersoek (Monter 1967:443-445). Calvyn maak, trouens, in sy Institusie voorsiening vir so ’n situasie: “Want as ’n Turk hom aanbied om gedoop te word, sal hy nie ondeurdag deur ons gedoop word nie, tensy hy ’n belydenis aflê waardeur hy die kerk tevrede stel” (*Inst.* 4.16.24).

13 “On peut regretter que Calvin n'ait pas été étudié plus à fond la doctrine de Mahomet, puisqu'il avait le Coran traduit en latin, avec commentaires à sa disposition.” Pannier vind dit ook ongelukkig dat daar klaarblyklik geen reaksie van Calvyn was op ’n versoek van Oporin (Professor in Grieks aan die Universiteit van Basel) of hy dan nie gewillig sou wees om 6 persent van die 400 floryn publikasiekoste vir die Latynse vertaling van die Koran te dra nie (Pannier 1937:280).

> Hoewel dit ons dus volgens kerklike dissipline nie geoorloof is om op vriendskaplike voet te verkeer of intieme omgang te hou met uitgewekenes nie, behoort ons ons tog op elke moontlike wyse, met aansporing en onderwysing of barmhartigheid en vriendelikheid of met ons gebede tot God, daarvoor te beywer dat hulle na die gemeenskap en eenheid van die kerk moet terugkeer. En nie alleen hulle moet so behandel word nie, maar ook Turke en Sarasene en al die ander vyande van die godsdiens.
>
> Laat dit ver van ons wees dat ons die metodes goedkeur waarvolgens baie mense probeer het om hulle na ons geloof terug te dryf deur water en vuur en die gemeenskaplike lewensmiddele te ontsê, wanneer hulle hulle alle menslike liefdesdienste weier en hulle met die swaard en wapens vervolg[14] (*Inst.* 1536, hf. II — *De fide*; Calvyn 1980:154).

Dit is egter merkwaardig dat die verwysing na Turke en Sarasene, asook die godsdiensverdraagsaamheid wat hier gestel word, in al die volgende uitgawes van die *Institusie* weggelaat is. Dit is ook meteens raakgesien deur een van Calvyn se felste teenstanders, Sebastian Castellio. In sy *De haereticis an sint persequendi* (gepubliseer in 1554 onder die skuilnaam Martinus Bellius) en ook in sy *De haereticis non puniendis* het hy die hervormer se motief ernstig bevraagteken — veral ná die verhoor en teregstelling van Servet. Wat Castellio se bedoeling ookal was, is dit duidelik dat hy hier ’n probleem geïdentifiseer het wat ondersoek moet word.

Die weglating van hierdie gedeelte of selfs die gebrek aan enige verwysing daarna in al die volgende uitgawes van die *Institusie* was klaarblyklik nie ’n blote oorsig nie. Verskeie argumente wat aan die hand gedoen is om die 1536-teks en die verskil daarvan met die volgende uitgawes te verklaar, is deur White geïdentifiseer (White 1984:576vv.). Die eerste moontlikheid, wat ook reeds deur Castellio genoem is, is Calvyn se oorgang van ’n pastorale na ’n politieke rol en sy posisie in Genéve. Dit lyk egter baie onwaarskynlik omdat Calvyn die betrokke frase verwyder het vóór sy terugkeer na Genéve. Daarom sê White:

14 Itaque, tametsi familiarius versari, aut interiorem consuetudinem habere cum excommunicatis, per ecclesiasticam disciplinam non liceat, debemus tamen contendere quibus possumus modis, sive exhortatione ac doctrina, sive clementia ac mansuetudine, sive nostris ad Deum precibus, ut ad meliorem frugem conversi, in societatem ac unitatem ecclesiae se recipiant. Neque ii modo sic tractandi sunt, sed Turcae quoque ac Saraceni, caeterique verae religionis hostes; tantum abest ut probandae sint rationes, quibus eos ad fidem nostram adigere multi hactenus moliti sunt, dum aquae et igni, communibusque elementis illis interdicunt, cum omnia illis humanitatis officia denegant, cum ferro et armis persequuntur (*CO* 1, 77).

> A plea for the rights of Turks and Saracens might conceivably have embarrassed Geneva's first pastor in his struggle with civil or religious opponents; it should scarcely have troubled him in his years of exile on the River Ill (White 1984:577).

Daar is ook die gedagte dat Calvyn 'n sagter benadering tot die Turke, Sarasene en ander groepe gehad het omdat die Protestante net soveel onder die Inkwisisie van die Rooms-Katolieke Kerk gely het as hierdie mense. Dit verklaar egter nie die weglating van hierdie gedeelte in latere uitgawes toe die vervolging net so erg of selfs erger was nie.

White is ook oortuig daarvan dat die probleem nie opgelos kan word deur dit te sien as teken van 'n verkeerde gesindheid by Calvyn, of die sogenaamde Turkse kwessie, of die hardheid van die Roomse Inkwisisie nie. "If a solution is to be found, it lies, we would argue, in a consideration of the literary and theological, rather than the psychological and sociological, context of Calvin's writing" (White 1984:581). Die betrokke gedeelte vorm deel van 'n bespreking van ekskommunikasie deur die kerk.

> It is obvious that in such a context, the reference to Turks, Saracens and other enemies of true religion is little more than an aside; … the 1539 text while preserving the humane emphasis of the original phrase, allows Calvin to correct what in the 1536 *Institutio* was a mere parenthesis in his argument, and to concentrate on the strictly pastoral and ecclesiastical dimensions of excommunication (White 1984:582v.).

Wat ookal die rede was vir Calvyn se weglating van hierdie gedeelte in latere uitgawes, daar is geen enkele aanduiding dat hy ooit teruggetrek het wat hy in die 1536-*Institusie* gestel het nie. Dit beteken egter nie dat hy simpatiek teenoor nie-Christelike gelowe gestaan het nie. Hy neem die Turke as voorbeeld en sê onomwonde: "Hoewel hulle met vol kieste verkondig dat die Skepper van hemel en aarde hulle God is, plaas hulle 'n afgod in die plek van die ware God terwyl hulle afkerig is van Christus" (*Inst*. 2.6.4; *OS* III, 326). Hy noem die Islam selfs God se instrument van oordeel oor 'n ondankbare Christendom[15] (kyk White 1984:584). White kom tot die gevolgtrekking dat

> Calvin's protest against the coercion of non-Christians is no temporary aberration, but reflects a constant element in his thinking — a legacy, perhaps, of the humanistic cult of the merciful prince whose restraint is the true measure of his majesty (White 1984:585).

15 La secte de Mahomet, comme l'Escriture nous enseigne, est une juste vengeance de Dieu pour punir l'ingratitude du monde. Et ilz veulent faire accroire qu'elle est avancée par la disposition des Estoilles! (*CO* VII, 533).

## 6. NET EEN MIDDELAAR EN VERLOSSER

Daar is vier Skrifgedeeltes wat dikwels aangehaal word om die oortuiging dat daar net een Middelaar en Verlosser is, te ondersteun: Johannes 14:6; Handelinge 4:12; 1 Timoteus 2:5 en 1 Johannes 5:12. Calvyn se kommentaar op hierdie gedeeltes laat geen twyfel oor sy siening ten opsigte van die uniekheid van Christus nie. Die vertaler van die *Institusie* in Afrikaans, H.W. Simpson het hom deeglik vergewis van die inhoud van al vier volumes en ook van die verskillende uitgawes vóór 1559. Hy stel dit kategories dat Calvyn konsekwent is dat ons God nie sonder Christus kan ken nie (Calvyn 1988: 709, nota 21).

In sy verklaring van Jesus se woorde in Johannes 14:6 ("Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie") sê Calvyn dat wie ookal Christus in sy lewe bekom, alles besit wat hy nodig het, maar wie nie tevrede is met Christus alleen nie, streef na iets wat anderkant die absoluut volmaakte is. Christus is die weg deur wie alleen (*qua sola*)[16] ons nuwe skepsels kan word. As iemand hom afkeer van Christus, sal hy noodwendig verdwaal; as iemand nie in Hom rus vind nie, sal hy elders gevoed word deur dinge wat net wind en ydelheid is; as iemand wat nie met Hom alleen tevrede is nie, begeer om verder te gaan (*si quis ultra eum tendat*), sal hy die dood vind in plaas van die lewe. In hierdie gedeelte het Christus sy dissipels ook uitdruklik gewaarsku dat geen gebede verhoor word buiten deur sy tussenkoms nie. Omdat God ontoeganklike lig bewoon, moet (*necesse est*) Christus ons Middelaar wees (Comm. John. 14:6; *CO* XLVII, 324).

Oor die woorde van Petrus in Handelinge 4:12 ("Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie"), skryf Calvyn dat Christus die enigste gewer van lewe en die bron van redding is; verlossing is in niemand anders nie, net in Christus. Hy stel dit kategories dat verlossing in Christus alleen is (*in solo Christo est salus*), want God het dit so verorden (Comm. Hand. 4:12; *CO* XLVIII, 85; vgl. Comm. Joh. 4:22).

---

16 Willis-Watkins stel dit dat daar 'n verskil is wanneer ons sê dat ons *net na Christus* ("Christ only") kyk, en wanneer ons sê dat ons *na Christus alleen* ("Christ alone") kyk. Laasgenoemde is 'n abstraksie.

> "Christ to whom we look only" is the Christ accommodated and continually accommodating to our condition. The Christ only on whom faith focuses is, to use the distinction Calvin used, the "totus Christus" knowing and serving whom is the content of co-membership in his body (Willis-Watkins1991:81).

Dié siening word m.i. nie genoegsaam gestaaf nie.

Paulus skryf in 1 Timoteus 2:5: “Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus”. Calvyn stel dit dat hierdie een Middelaar deur wie ons toegang tot die Vader het, nie net aan een nasie of aan ’n klein getal mense van ’n besondere stand gegee is nie, maar aan almal. Die vrug van sy offerande, waardeur Hy versoening vir sonde gedoen het, is daar vir almal. Deur die dood van Christus is nie net Jode nie, maar ook heidene, en nie net eenvoudige mense nie, maar ook prinse verlos. En asof hy wil hê dat daar geen misverstand moet wees nie, sê hy dat ons moet weet dat dit die enigste sleutel is (*haec sola clavis est*) om vir ons die poort van die hemelse koninkryk oop te sluit sodat ons met vertroue in die teenwoordigheid van God kan verskyn (Comm. 1 Tim. 2:5; *CO* LII, 270).

1 Johannes 5:12 lui so: “Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie”. En weer eens stel Calvyn dit ondubbelsinnig. God het dit so verorden dat die lewe in niemand anders as in Christus (*non alibi quam in Christo*) is nie, dat dit in Hom gesoek moet word; en sodat niemand na ’n ander sal wegdraai nie, sluit Hy almal wat dit nie in Christus soek nie uit van die hoop op lewe (Comm. Joh. 5:12; *CO* LXXXIII, 368).

Afgesien van hierdie *loci classici* is daar ’n hele aantal ander Skrifgedeeltes waar Calvyn in sy verklaring oor die uniekheid van Christus as Verlosser en Middelaar handel. In Johannes 17 bid Jesus in sy hoedanigheid as ons Groot Hoëpriester (Hebr. 4:14). Sy gebed vir Homself in die eerste vyf verse is terselfdertyd ’n gebed vir sy kerk as Hoof van die kerk. Daarom sê Hy in vers 3: “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.” Calvyn vind die rede waarom Hy só bid voor die hand liggend: daar is geen ander weg waarlangs God geken word nie, behalwe deur die aangesig van Jesus Christus (*quia autem nonnisi in Christi facie cognoscitur Dei*) — Hy wat die duidelike en lewende beeld van God is (Comm. Joh. 17:3; *CO* XLVII, 378). Ander verwysings van Calvyn na die enigste weg tot verlossing is in sy kommentaar op Johannes 4:22 en Romeine 1:16, asook in sy verklaring van Romeine 5:18: Hy maak sy guns aan almal bekend omdat dit aan almal aangebied word en nie omdat dit in almal verwerklik word nie, want alhoewel Christus vir die sonde van die hele wêreld gely het, en Hy deur God se goedheid sonder onderskeid aan almal aangebied word, is dit tog nie almal wat Hom ontvang nie (Comm. Rom. 5:18; *CO* XLIX, 101).

In sy kommentaar op Matteus 12:16 noem Calvyn Christus die aangewese Verlosser van die wêreld; by Matteus 19:14 die enigste Verlosser; by Lukas 23:51 die Verlosser vir die Jode en vir die hele wêreld; en by Handelinge 26:18 sê hy Christus is die enigste Verlosser wat ons vrymaak van die tirannie van Satan. Christus is ook die enigste Middelaar in wie elke ding wat tot die ewige lewe behoort, te vinde is (Comm. Joh. 9:37). God bied ons net een

Middelaar aan deur wie Hy tevrede gestel en versoen wil word (Comm. Joh. 14:14). By Handelinge 17:18 sê Calvyn dat ons geloof ten diepste onderskei word van heidense bygelowe omdat dit Christus het as enigste Middelaar (*Christum unum mediatorem*), en omdat dit ons leer om ons verlossing van Hom alleen te soek (Comm. Hand. 17:18; *CO* XLVIII, 406).

Waar hy in Boek II van die *Institusie* handel oor die sondeval en die mens se verlossing, laat Calvyn geen twyfel daaroor dat Christus die enigste weg tot God is nie:

> In elk geval het geen kennis van God ná die val van die eerste mens sonder die Middelaar krag gehad om die mens se saligheid te verkry nie. Christus praat immers nie net van sy eie tyd nie, maar Hy vat daarin alle eeue en tye saam wanneer Hy sê dat dit die ewige lewe is om die een God en waaragtige Vader te ken en Jesus Christus, wat Hy gestuur het (*Inst*. 2.6.1; *OS* III, 320v. *Marg. Joh.* 17:3). In hierdie sondeval van die mensdom ervaar niemand God nou as Vader of as oorsprong van sy saligheid of op enige ander gunstige wyse nie, totdat Christus tussenbeide tree om Hom met ons te versoen (*Inst*. 1.2.1).[17]

Calvyn het ook in talle van sy preke dit uitdruklik gestel dat Christus die enigste Verlosser en Middelaar tussen God en die mensdom is. In ’n preek oor Lukas 2:1-14 sê hy dat die Seun van God wat Homself van alles ontledig het ter wille van ons verlossing, van alle tye af die Verlosser van die wêreld was (Calvin 1998b:29; *CO* XLVI, 15). Die *solus Christus*-beginsel word selfs nog sterker gestel in sy preek oor Matteus 26:36-39. Daarin vermaan hy die gemeente om vas te hou aan die Here Jesus Christus omdat ons weet dat ons net in Hom alleen die volmaaktheid van ons verlossing moet vind sodat ons nie heen en weer hardloop om ander middelaars te soek nie (Calvin 1998b:45; *CO* XLVI 833v.). In ’n preek oor ’n gedeelte van Petrus se toespraak op die eerste Pinksterdag het hy getoon dat die offerandes wat deur God onder die ou wet verorden is, tekens en skadu’s was om die mense te wys hoe hulle deur ’n Middelaar toegang tot God gehad het; nou het ons egter die Middelaar in persoon, wat elke ding vir goed deur sy unieke offerande (*par son Sacrifice unique*) vervul het (Calvin 1998b:225; *CO* XLVIII, 642). Calvyn was so sterk oortuig van die uniekheid van verlossing in Christus dat hy nie geaarsel het om te sê dat almal wat nie tevrede is met ons Here Jesus Christus nie, daarmee alle hoop op hulle saligheid prysgegee het. Daar is nie twee of drie nie, maar net een Middelaar (*il n’y a qu’un seul Mediateur*) (Calvin

17 “Nam etsi nemo iam in hac humani generis ruina Deum vel patrem, vel salutis authorem, vel ullo modo propitium sentiet donec ad eum nobis pacificandum medius occurat Christus” (*OS* III, 34).

1998a:297; *CO* L, 526).[18] In sy preek oor Galasiërs 3:19-20 herhaal hy dat Christus nie maar net 'n Middelaar vir een volk alleen is nie, maar vir die hele, ganse wêreld (Calvin 1998a:315; *CO* L, 533v.).

Op 25 Junie 1539 het Calvyn 'n brief aan sy vorige gemeente in Genéve geskryf om sy besorgheid oor die situasie daar uit te spreek. Hy vermaan die gemeente om 'n einde te maak aan die twiste en onenigheid waaroor aan hom berig is, en om die integriteit van die *pastores loci* te aanvaar. In die Naam en krag van die Here Jesus Christus pleit hy by hulle om hulle hart en gedagtes af te wend van mense en hulle te keer tot die een en enigste Verlosser (*ad unicum illum redemptorem*, *CO* X, 354). In 'n ander brief, geskryf aan Denis Peloquin en Louis de Marsac op 22 Augustus 1553, het hy die *solus Christus*-beginsel selfs nog duideliker gestel. Hulle was saam in een sel opgesluit vir die laaste paar dae van hulle gevangenskap vóór hulle teregstelling omdat hulle geweier het om hulle gereformeerde geloof af te sweer. Hy bemoedig hulle om standvastig te bly en verwys met goedkeuring na die belydenis van iemand anders wat ook ter wille van sy geloof voor die gereg gedaag is, naamlik Michael Girard.[19] Toe hy gevra is of die maagd Maria en die heiliges vir ons kan intree, was sy antwoord dat daar maar net een Middelaar en Pleitbesorger vir ons is, Jesus Christus (*qu'il n'y a qu'un seul Jesus Christ Intercesseur et advocat*). En, sê Calvyn, dit is waar, want daar is nie mense of engele wat toegang tot God die Vader het nie, behalwe deur hierdie Middelaar alleen (*que per ce Mediateur unique*, *CO* XIV, 594).

Dit het vir Calvyn onteenseglik vasgestaan dat die Ou Testament Christus in eintlike sin ook as Middelaar tussen God en mens verkondig het (Niesel 1980:106).[20] Reeds vóór sy vleeswording was Christus die Verlosser van die uitverkorenes in die bedeling van die ou verbond. Selfs toe Christus nog nie in die vlees geopenbaar is nie, was Hy alreeds die Middelaar, en al die aartsvaders van ouds kon slegs toegang tot God verkry as hulle na Hom gelei is deur die Verlosser en wanneer die Verlosser hulle in staat gestel het om genade in die teenwoordigheid van God te vind; hulle kon hulle gebede ook maar net daarop grondves dat hulle guns gevind het by God omdat 'n Verlosser aan hulle beloof is (*CR* 41, 555). Dit is trouens die waarborg van God se beloftes. In Hom alleen is God die Vader ons genadig (*CR* 50, 22). Wernle wys ook op die rede waarom Calvyn die vervulling van God se beloftes in Christus alleen gesoek het:

18 Preek oor Galasiërs 3:15-18.

19 Volgens 'n nota in die *History of the martyrs*, het Michael Girard egter nie tot die einde volhard nie.

20 "Das Alte Testament weist aber nicht nur irgendwie auf Christus hin, sondern es predigt ihn im strengen Sinne als den Mittler zwischen Gott und den Menschen" (Niesel 1938:100).

> Es gibt, meint er, auch allgemeine Verheissungen für alle Menschen, die doch alle ihr Ziel nicht erreichten und keinen festen Glauben in der Menschenseele auslösten. Für ihn steht es einfach ausser Frage, dass "niemand von Gott geliebt wird ohne Christus" (Wernle 1919:223).[21]

As Calvyn se siening oor God se openbaring en die middelaarsrol van Christus in ag geneem word, is dit duidelik sy oortuiging dat net die Christelike geloof ware kennis van God, verlossing en die ewige lewe gee.

## 7. GEBED

Om deur gebed by God te kom, is maar net moontlik deur ons Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus:

> En dit is presies op dié punt dat ons verskil van die heidene en ongelowiges. Ja, die Turke en die afgodedienaars bid ook ernstig tot God. Maar hoe bid hulle? Om die waarheid te sê: so, dat hulle nie weet wat hulle doen nie (Calvyn, Preke oor Psalm 119, preek 6:waw).

God kan nie "Vader" genoem word nie, behalwe in en deur Christus (*CR* 37, 402; 27, 700).

Daar is 'n merkwaardige gebed van Calvyn waarmee hy sy elfde lesing oor die profesie van Daniël afsluit:

> Almagtige God, U het ons deur soveel en sulke duidelike en sulke vaste *getuienisse* gewys dat ons nie op enige ander Verlosser kan hoop as op Hom vir wie U gestuur het nie. U het sy Goddelike en ewige krag deur soveel wondere bevestig en dit beseël deur die prediking van die evangelie en die waarborg van u Gees in ons harte; U bevestig dit ook deur ons daaglikse ervaring. Daarom bid ons: Gee tog dat ons sterk en standvastig sal bly in Hom. Mag ons nooit van Hom afvallig word nie en mag ons geloof nooit wankel nie. Laat ons alle versoekings van Satan weerstaan, en mag ons so volhard op die weg van u heilige roeping, dat ons uiteindelik versamel sal word in die ewige saligheid en rus wat vir altyd duur, wat vir ons verwerf is deur die bloed van die Een *in wie ons glo*, u Seun — Amen (Comm. Dan., Gebed by die 11de lesing).

21 Wernle wys ook daarop dat Calvyn hieroor 'n ander siening as Zwingli gehad het: "Der Zwinglische Universalismus der Gottesliebe fand by Calvin kein Verständnis mehr" (Wernle 1919:223).

# 8. UNIVERSALISME

Dit is duidelik dat Calvyn op geen manier die idee van verlossing sonder Christus en 'n salige hiernamaals vir alle mense sou ondersteun nie. Inteendeel, hy het dit onomwonde gestel dat dit geheel en al onmoontlik is. "In elk geval het geen kennis van God ná die val van die eerste mens sonder die Middelaar krag gehad om die mens se saligheid te verkry nie" (*Inst.* 2.6.1).[22] Om hierdie standpunt te bevestig, haal hy die woorde van Christus aan waar Hy nie net van sy eie tyd praat nie, maar alle eeue insluit: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is" (Joh. 17:3):

> Daarom is die onverstandigheid van die mense wat die hemel sonder die genade van Christus vir al die onheiliges en ongelowiges oopstel, des te skandeliker omdat die Skrif oral leer dat Hy die enigste deur is waardeur ons tot ons saligheid kan toetree[23] (*Inst.* 2.6.1; *OS* III, 320v.).

In terme van dieselfde oortuigings het Calvyn die idee van sinkretisme en 'n universele godsdiens radikaal veroordeel. Met verwysing na gangbare rituele en seremonies in die kerk van Rome, sê hy dat hulle natuurlik iets vernuftigs probeer

> naamlik om uit die Christendom, die Jodedom en die heidendom (*paganitate*) een godsdiens saam te flans (*religionem unam conficere*) asof dit uit honderd lappies aanmekaar gewerk is! Hulle salwing stink dus omdat dit nie sout, dit is die Woord van God, het nie (*Inst.* 4.19.31; *OS* V, 465).

# 9. GEVOLGTREKKING

Die relevansie van Calvyn vir vraagstukke van die een-en-twintigste eeu sal in sommige teologiese kringe bevraagteken word. Die leef- en denkwêreld by die begin van die derde millennium is in baie opsigte diepgaande verskillend van dié van vier of vyf eeue gelede. Sou ons egter vra of die prinsipiële vertrekpunte van die Christelike geloof ook verander het, is die antwoord ondubbelsinnig "Nee!, want dit berus op die onveranderlike Woord van God". Dus, as Calvyn die Woord reg vertolk het, kan daar nie twyfel wees dat die beginselstandpunte wat hy gestel het, ook nog vir ons geldig en ter sake is nie. Al is

22 "Certe post lapsum primi hominis nulla ad salutem valuit Dei cognitio absque Mediatore" (*OS* III, 320v.).

23 "Quo foedior est eorum socordia, qui caelum profanis et incredulis quibuslibet patefaciunt, absque eius gratia quem Scriptura passim docet unicam esse ianuam qua in salutem ingredimur" (*OS* III, 321).

daar dus vandag kerklike, godsdienstige en teologiese kwessies wat nie in die tyd van die Hervorming as dringende vraagstukke bekend was nie, bied Johannes Calvyn se skriftelike nalatenskap bepaalde perspektiewe wat juis nou vir die teologie van fundamentele waarde kan wees (Vgl. Potgieter 2004: 147vv.).

Die formulering van duidelike riglyne vir die huidige teologiese debat oor die intrinsieke waarde van verskillende godsdienste as weë tot kennis van God — veral in multi-kulturele situasies — het dringend noodsaaklik geword. Die behoefte aan 'n goed-gefundeerde teologie van godsdienste kan nie ontken word nie. Intussen is daar ook 'n dringende behoefte aan rigtingwysers vir allerlei praktiese vrae rondom die benadering van nie-Christelike gelowe en die aanhangers daarvan vanuit die Christendom. Hierop kan die prinsipiële denke van Calvyn sonder twyfel lig werp.

Net soos die geval is met sy benadering tot ander belangrike kwessies, het hy sy siening oor die uniekheid van verlossing in Christus as die enigste ware weg tot kennis van God — en dus ook sy siening oor ander godsdienste — ontwikkel vanuit die *sola Scriptura*-vertrekpunt. Deurdat hy die Heilige Skrif as *norma normans* vir leer en lewe aanvaar het en konsekwent by dié reël gebly het, het hy blywende waarhede ook vir die post-reformatoriese Christendom daargestel.

Calvyn se beoordeling van enige godsdiens waarin Christus nie sentraal staan nie, is bo alle twyfel duidelik. Omdat hy deurgaans sy uitgangspunt in die *sola Scriptura*-beginsel neem, is die noodwendige konsekwensie vir hom die belydenis van 'n *solus Christus*. Om dit prys te gee, sou vir hom neerkom op verraad teenoor die Here Jesus Christus en daarom teenoor God die Vader wat sy Seun in die wêreld gestuur het. Godsdiens sonder Christus lei vir enige mens tot sy ondergang en verlies van die ewige lewe. In sy Institusie haal Calvyn veral telkens aan uit die Evangelie van Johannes om te bevestig dat die ewige lewe alleen in Christus te vind is, en in sy kommentaar op Johannes brei hy meermale daarop uit. "Die wat hulle nie tot Christus keer nie, beroof hulleself van die ewige lewe" (Comm. Joh. 19:15). Hy sê die belangrikste punt van alles wat Johannes leer, is "dat ons die ewige lewe deur die geloof verkry, omdat ons dood is as ons buite Christus is" (Comm. Joh. 20:31). Dit geld in dieselfde mate van dié wat die Christelike geloof vervals.

Dit is wel so dat God Hom deur sy werke aan almal in sy algemene openbaring bekend maak. Sonder die rigting wat Christus aan hierdie openbaring gee, lei dit egter na nêrens. Dit is presies wat gebeur met elke godsdiens wat sy oorsprong in menslike uitvinding het, selfs al is dit die gevolg van 'n beroep deur God se algemene openbaring op die *sensus divinitatis* wat God in die mens se hart gelê het.

Saam met hierdie streng afwysing van enige godsdiens sonder Christus, vind ons tog ook by Calvyn 'n bewoënheid oor die wat die Here Jesus nie as Verlosser ken nie, soos hy in die 1536-Institusie pleit dat ons ons ook in die geval van Moslems en ander — selfs die wat vyandig is teenoor die Christelike geloof — vir hulle bekering behoort te beywer "op elke moontlike wyse, met aansporing en onderwysing of barmhartigheid en vriendelikheid of met ons gebede tot God" (Calvyn 1980:154).

## BIBLIOGRAFIE

AGES SOFTWARRE

2000. *The John Calvin collection*. Ages Software, Inc. Rio WI, USA.

BARTH, K.

1995. *The theology of John Calvin*. Translated by Geoffrey W. Bromiley. Grand Rapids: Eerdmans.

BAVINCK, J.H.

1949. *Religieus besef en Christelijk geloof*. Kampen: Kok.

CALVIN, J.

*Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*. Eds. G. Braun, E. Cunitz & E. Reuss. Braunschweig 1863-1900 (= CR 29-87).

*Ioannis Calvini Opera Selecta*. Ed. P Barth *et al.* Munich: Kaiser, 1926ff.

1998a. *Sermons on Galatians*. Albany: Ages Software.

1998b. *Sermons on the deity of Christ*. Albany: Ages Software.

CALVYN, J.

1980. *Institusie van die Christelike godsdiens 1536*. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: CJBF.

1988. *Institusie van die Christelike godsdiens 1559*. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: CJBF.

CO. *vide* CALVIN, J. *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia.*

CORPUS REFORMATORUM
Halle, Braunschweig, Berlin, Zurich, 1834-.

CORVOISIER, J.
1946. Calvin et les Juifs. *Judaica* 2(3).

CR. *vide* CORPUS REFORMATORUM.

DE LE ROI, J.
1884-92. *Die evangelische Christenheit und die Juden* (3 vols.). Karlsruhe & Leipzig: Reuther.

DE VRIES, W.G.
1959. *Calvijns oecumenische betekenis*. Goes: Oosterbaan & le Cointre.

DU PREEZ, J.
1983. Johannes Calvyn se bydrae tot 'n teologiese beoordeling van die wêreld-godsdienste. In: E. Brown (red.), *Calvyn aktueel* (Kaapstad: NGKU), pp. 110-129.

KRECK, W.
1959. Die Eigenart der Theologie Calvins. In: *Calvinstudien*. Neukirchen: Neukirchener.

LAVER, M.S.
1987. *Calvin, Jews and intra-Christian Polemics*. Diss. Temple University.

LOCHER, G.
1967. Calvin spricht zu den Juden. *Theologische Zeitschrift* 23:180-196.

MONTER, E.W.
1967. Calvinists in turbans. *Bibliothèque d'Humanisme et Renaissance* 29:443-445.

NIESEL, W.
1938. *Die Theologie Calvins*. Munich: Kaiser.

1980. *The theology of Calvin*. Transl. by H. Knight. Grand Rapids: Baker.

OS. *vide* CALVIN, J. *Ioannis Calvini Opera Selecta*.

PANNIER, J.
1937. Calvin et les Turcs. *Revue Historique* 180:268-286.

POTGIETER, P.C.
2004. Calvin and other religions. *Acta Theologica* 24(1):147-167.

VAN DER MUNNIK, H.J.
1937. Apologie van de Reformatie der Kerk. Drie geschriften van Johannes Calvijn, vertaald door H.J. v.d. Munnik. Amsterdam: Kirchner.

VISSER, A.J.
1963. Calvijn en de Joden. s'Gravenhage: Boekencentrum.

WERNLE, P.
1919. *Der evangelische Glaube nach den Hauptschriften der Reformatoren*, III. Calvin. Tübingen: Mohr/Paul Siebeck.

WHITE, R.
1984. Castellio against Calvin: The Turk in the toleration controversy of the sixteenth century. *Bibliothèque d'Humanisme et Renaissance* 46:573-586.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Calvyn | Calvin |
| Middelaar | Mediator |
| Nie-Christelike godsdienste | Non-Christian faiths |
| Uniekheid van Christus | Uniqueness of Christ |